**Weekbrief 17/2015**

**29 Mei 2015**

GESTIG 1870

# HOËRSKOOL PORTERVILLE

TROTS RESPEK DISSIPLINE BULLE

Posbus 22, PORTERVILLE, 6810
TEL: 022 9312174 FAKS: 022 9313321 EPOS: sekretaresse@porterhs.co.za

## JUNIE EKSAMEN 2015

*Baie sterkte aan ons Gr. 10-12 leerders wat Maandag met die eksamen begin. Die graad 7-9 leerders begin op Maandag, 8 Junie met die eksamen en die Gr. 4-6 leerders met die formele assesseringstake op 12 Junie. Indien u kind siek is, laat weet die skool asseblief. 'n* ***Doktersbrief*** *moet ingehandig word as die leerder 'n vraestel nie kan skryf nie as gevolg van* ***siekte.*** ***Geen toestemming*** *word gegee aan leerders om* ***tuis*** *te* ***bly*** *as hulle nie die dag eksamen skryf nie. Daar sal* ***geen saalbyeenkomste*** *gedurende die* ***eksamen*** *wees nie.*

| | | |
|---|---|---|
| *Skooltye gedurende eksamen* | : | *08:00 - 13:00* |
| *Netbaloefeninge (Dins & Donderdae)* | : | *12:00 - 13:00* |
| *Kooroefeninge/Cheerleaders (Maandae , Woensdae & Vrydae)* | : | *08:15 - 09:15* |
| *Klerewinkeltye (Dinsdae)* | : | *13:00 - 13:15* |
| *1ste Pouse* | : | *09:40 - 10:00* |
| *2de Pouse* | : | *11:40 - 11:55* |

*Baie dankie aan Mnr. Burger en sy span van Voorberg wat ons altyd tegemoet kom met die busvervoerreëlings gedurende eksamentye.*

## SASN Nasionale Alle Ouderdomtoernooi

Baie geluk aan **Sashen Cox** wat ingesluit is in een van die 0.18 Wes-Kaap Netbalspanne. Sy gaan die Wes-Kaap verteenwoordig by die SASN Nasionale Alle Ouderdomtoernooi in Boksburg, Johannesburg vanaf 28 Junie tot 3 Julie. Die SASN toernooi vind vanjaar by Hoërskool Dr EG Jansen plaas. Ons is baie trots op haar!

## Wes-Kaap Netbal Interstreektoernooi

Baie geluk aan **Inge von Wielligh** wat ingesluit is in een van die 0.13 Bolandspanne wat op die naweek van 7-8 Augustus 2015 aan die Wes-Kaap Interstreektoernooi gaan deelneem. Die toernooi word vanjaar deur die SWD Streek aangebied. Ons is baie trots op haar!

## Hoërskool Porterville staan vir TROTS, RESPEK en DISSIPLINE

**Ons vra dus dat elke Porterviller die volgende gedragskodes sal eerbiedig:**

### GEDRAGSKODE VIR TOESKOUERS

* Onthou dat die kinders aan georganiseerde sport deelneem.
* Die kinders is nie professionele sportmanne en –vroue nie.
* Gedra jouself voorbeeldig en waardig.
* Moenie vuil taal gebruik en afrigters of skeidsregters beledig nie.
* Gee erkenning aan goeie spel van jou eie span sowel as dié van die opponente.
* Keur die gebruik van geweld op die veld te alle tye af.

### GEDRAGSKODE VIR OUERS

* Moenie 'n onwillige kind dwing om deel te neem aan sport nie.
* Onthou dat die kind vir sy genot aan die sportsoort deelneem, nie vir sy ouers se genot nie.
* Moedig jou kind aan om volgens die reëls van die spel te speel.
* Leer jou kind dat, om jou beste te lewer, net so belangrik is as om te wen, sodat die uitslag van elke wedstryd sonder onnodige teleurstelling aanvaar kan word.
* Verander verloor in oorwinning deur jou kind te help om vaardighede te verbeter en goeie sportmangees te ontwikkel.
* Moet nooit jou kind verneder of op hom skree as hy 'n fout begaan of as 'n wedstryd verloor word nie.
* Onthou dat 'n kind die beste leer deur na u voorbeeld te kyk.
* Moet nooit die skeidsregter se oordeel of sy eerlikheid in die openbaar bevraagteken nie.
* Ondersteun alle pogings om verbale sowel as fisieke geweld uit sport te hou.
* Erken die waarde en belangrikheid van vrywillige afrigters en skeidsregters. Hulle gee hulle tyd en ervaring om die kinders af te rig en vir die toekoms te slyp.

### GEDRAGSKODE VIR KINDERS

* Speel vir die genot van die spel, nie om jou ouers of jou afrigter te plesier nie.
* Speel volgens die reëls van die spel.
* Moet nooit die skeidsregter se beslissings bevraagteken nie.
* Laat die kaptein of die afrigter die nodige vrae vra.
* Beheer jouself, moenie jou humeur verloor nie.
* Wees 'n goeie sportman- of vrou. Gee krediet vir en erkenning aan goeie spel, van jou eie span of dié van die opponente.
* Behandel al die ander deelnemers soos jy self behandel sal wil word. Moenie ander deelnemers onregverdig behandel, afknou of belaglik laat voel nie.
* Onthou die doel van die spel is om dit te geniet en jou vaardighede te ontwikkel.

# EKSAMENLOKAAL REëLS

Die volgende dissipline moet asseblief in die eksamenlokale gehandhaaf word:

**LEERDERS …**

mag nie in die lokale eet nie
mag glad nie gesels nie
mag nie tydskrifte in die lokale lees nie
mag nie briefies, papiertjies, klippies, stukkies uitveër, ens. rondgooi nie
mag nie afskryf nie
mag nie in die kantrye lê teen die mure nie
mag op 'n kussing sit, maar nie met hul koppe daarop lê nie
mag nie MP3 spelers of ander musiekapparaat gebruik nie
se banke sal te alle tye skoon wees
bêre hulle tasse voor en agter in die lokale tydens skryftyd
kan die lokaal verlaat, slegs as 'n opvoeder hom/haar kom haal en weer terugbesorg
sal pouses verbeur indien hulle nie stiptelik na 'n pouse terugkeer nie
mag nie selfone in die eksamenlokaal inbring nie
dra skooldrag (rok of langbroek). Hoërskool dogters word nie meer toegelaat om sweetpakbroeke te dra nie, slegs onder spesiale omstandighede met toestemming
mag nie komberse na die lokaal bring nie
steek hul hand op om die opvoeders vir iets te vra en stap nie uit sy/haar eie nie
mag nie storieboeke lees nie, behalwe op afdae
mag nie werk aan mekaar verduidelik in lokaal nie
moet vraestelle in pen (swart/blou) beantwoord
mag nie sitplekke ruil gedurende die eksamentyd nie, tensy deur 'n opvoeder gereël

Baie dankie vir almal se samewerking!!

## KENNISGEWING

NEEM ASB. KENNIS DAT DIE REKENAARLOKAAL GESLUIT SAL WEES GEDURENDE DIE EKSAMEN WAT VANAF 1 JUNIE TOT 26 JUNIE STREK. LEERDERS SAL NIE TOEGELAAT WORD OM DIE LOKAAL GEDURENDE HIERDIE TYDPERK TE GEBRUIK NIE.

## INSKRYWINGS VIR 2016 (NUWE LEERDERS)

Is u kind alreeds ingeskryf by die skool vir 2016? Maak asseblief seker dat aansoek/e betyds ingehandig word. Inhandigings: Sekretaresse by die Hoërskool waar die aansoekvorms ook beskikbaar is.

Die **sluitingsdatum** is **30 Junie 2015.**

## MATRIEKSERTIFIKATE 2014

Daar is nog heelwat matrieksertifikate van 2014 wat afgehaal moet word. Matrieksertifikate wat nie afgehaal is nie, word binne 'n sekere tydperk teruggestuur na die department.

U samewerking word waardeer.

## Mnr. en Mej. HSP foto's

Mnr. en Mej. HSP foto bestellings kan nou ingehandig word by Elna Lombard by Ontvangs. Plaas asb. jou naam, die nommer van die foto, die hoeveelheid van elke foto, asook die geld in koevert. Die foto's kan besigtig word by **www.prent.co.za**. Die **laaste dag** vir die plaas van bestellings is **Maandag, 1 Junie.**

Opskud, Maandag is om die draai!

## *Baie Dankie* ...

- *Syngenta (Albie Wessels) wat die toegangsgeld by Nampo vir Vrydag geborg het.*
- *Anna-Mari de Lange vir die heerlike eetgoed vir die personeel.*

*Dit word baie waardeer !!*

## SéNOR CHEF

(INA PAARMAN PROJEK)

Die leerders ontvang vandag 'n brief wat meer inligting verskaf oor die fondsinsameling, asook bestel-vorms en 'n fotoblad met illustrasies van die produkte. Die Gr. 4-9 leerders sal hulle vorms Maandag ontvang.

**Komaan! Kom ons spring aan die werk, daar is pryse wat gewen kan word!**

**Something to think about this week …**

What's A Dime Worth

Several years ago a pastor friend of mine moved to Houston, Texas. Some weeks after he arrived, he had occasion to ride the bus from his home to the down- town area. When he sat down, he discovered that the driver had accidentally given him ten cents too much change.

As he considered what to do, there seemed to him to have these voices whispering instructions into his ears. One said, "You better give the dime back. It would be wrong to keep it." Another voice said, "Oh forget it. It's just ten cents. Who would worry about this little amount. Anyway, the bus company already gets too much fare. With their millions everyday they will never miss it. Accept it as a gift from God and keep quiet."

When his stop came he paused momentarily at the front door and handing the driver the dime he said, "Here, you handed me too much change." The driver replied, "Aren't you the new pastor in town? I have been thinking lately about going to church somewhere. I just wanted to see what you would do if I gave you ten cents too much change."

When my friend stepped off the bus he literally grabbed the nearest light pole and held on and said, "O God, I almost sold your Son for ten cents."

**WEEKPROGRAM**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Vrydag, | 29 Mei | - | |
| Saterdag, | 30 Mei | - | Rugby & Netbal - Vredendal (W) |
| Maandag, | 01 Junie | - | **Gr. 10-12 Eksamen begin** |
| Dinsdag, | 02 Junie | - | Gr. 10-12 Eksamen |
| Woensdag, | 03 Junie | - | Gr. 10-12 Eksamen |
| Donderdag, | 04 Junie | - | Gr. 10-12 Eksamen |
| Vrydag, | 05 Junie | - | Gr. 10-12 Eksamen |
| Saterdag, | 06 Junie | - | Weskaap Top Skole Netbalkompetisie |

**MARIETJIE POTGIETER**
**ADJUNK-HOOF**

**HULP MET EKSAMEN**

* **As u kind klaar geleer het, kan u saam met hom/haar hersien en vrae vra om te kyk of hy/sy die werk ken.**
* **Help u kind die aand voor die eksamen deur alles vir die volgende dag gereed te sit en verminder so oggendspanning.**
* **Help u kind om bereikbare, meetbare, haalbare en realistiese doelwitte vir hom/haarself te stel.**
* **Luister as u kind oor die eksamen praat.**
* **Help u kind met studiemetodes en gee vir hom/haar die geleentheid om insette te lewer.**
* **Maak 'n punt daarvan om positiewe gedrag te erken en te beloon.**
* **Wees realisties oor u kind se vermoëns.**
* **Gee komplimente as hy/sy goed in sy/haar eksamen doen.**

**STERKTE!!**

TWEEDEHANDSE KLEREWINKEL

DIE TWEEDEHANDSE KLEREWINKEL BENODIG DRINGEND KLERE.

KONTAK ALET SMIT BY
022 931 2519 / 078 317 1088 OF BESOEK
HAAR BY PIET RETIEFSTRAAT 45
(SKUINS OORKANT DIE LAERSKOOL)

U KAN OOK DIE KLERE AFGEE BY ELNA LOMBARD BY DIE HOëRSKOOL.